## DEEL I.B

## CASSIRER SE MENSBESKOUING

### HOOFSTUK 2 DIE VERSKIL TUSSEN MENS EN DIER

1. Inleiding. In sy Hoofstuk 1 van Deel I van "An Essay on Man" behandel Cassirer die verskillende metodes waardeur gepoog word om kennis van die mens en die mensdom te verkry. Met die opkoms van die nuwere wetenskaplike insigte, wat eerder op empiriese as op algemene beginsels gebaseer is, (empirisme teenoor rasionalisme) word die matematiese denke deur die biologiese denke verdring en word daarna gestrewe om die mens te verklaar met behulp van empiriese waarneembare data, en vervang die die kousale gesigspunt die teleologiese. Die vraag is nou nie meer : waarheen die mens nie, maar waarvandaan. In die vertolking van die empiriese feite kom die evolusionisme tot die gevolgtrekking dat die hele stroom van die organiese lewe ononderbreek is, met ander woorde , dat daar nie grense tussen die verskillende vorme van die organiese lewe is nie. Daar sal dus geen skeidslyn tussen mens en dier wees nie. Om die mens dus te kan verklaar moet jy 'n deeglike kennis van die dier hê want dit is tog uit die kousale bepaling wat die mens met al sy aktiwiteite ontwikkel het.

So gesien, moet die menslike kultuur ook in terme van kousale ontwikkeling verklaar kan word en moet daar dan een of ander verborge dryfkrag gevind word wat hierdie kultuurontwikkeling kan verklaar.[1] Tereg wys Cassirer daarop dat hierdie arbitrêre aanvaarding nie op empiriese waarneming gegrond is nie, maar dat dit 'n kunsmatige interpretasie daarvan is om aan te pas by die beskouing. Hierdie evolusionistiese gedagte wat geen verskil tussen mens en dier sien nie kan, volgens Cassirer, nie die menslike kultuur verklaar nie. Hy vra:"Can we apply the same principle to human life and human culture? Is the cultural world, like the organic world made up of accidental changes? Does it not possess a definite and undeniable teleological structure?" [2] In stede van die mens te verklaar en kennis van hom te bring, veroorsaak die evolusionisme dat die mens vir hom 'n steeds groterwordende probleem word. Om die mens en die dier dan net as verskillende punte in die stroom van organiese lewe te sien, kan die mens geensins verklaar nie.

2. Animal reactions and human responses." In sy tweede hoofstuk, "A Clue to the Nature of Man: The Symbol" ontleed hy 'n kwalitatiewe verskil tussen mens en dier. Volgens Von Uexküll, wie se beskouing Cassirer gedeeltelik onderskryf, het elke organisme 'n sekere anatomiese struktuur waardeur hy aan- en ingepas is by sy omgewing. Volgens hierdie struktuur besit die organisme 'n "Merknetz" en 'n "Wirknetz", 'n ontvangs- en aksiesisteem (receptor and effector system). Sonder hierdie sisteme sou die organisme nie kan bestaan nie. Deur die "Merknetz" of ontvangsisteem word sekere stimuli ontvang en deur die "wirknetz" sekere reaksies uitgevoer. Tussen hierdie twee is daar 'n nou verband en hulle is slegs skakels in dieselfde ketting, te wete die funksionele sirkel. Omdat die



1. Nietzsche se magsdrif, Freud se seksdrif, ens.
2. E.o.M., 20.

mens 'n organisme is, is dit ook op hom van toepassing."Yet in the human world we find a new charachteristic which appears to be the distinctive mark of human life. The functional circle of man is not only quantitively enlarged; it has also undergone a qualitative change."[1] Tussen die twee genoemde sisteme vorm die mens nog 'n derde skakel, te wete die simboliese sisteem (vergelyk hoofstukke 3 en 4 waar hierdie stelling meer breedvoerig behandel word). Deur hierdie aanwins word die hele lewe van die mens omgevorm en betree hy 'n nuwe dimensie van die werklikheid en is daar 'n wesensverskil tussen "animal reactions and human responses".

3. Verskil in simboliese gedrag. Dit kan sonder twyfel aanvaar word dat daar by die hoër diersoorte ook indirekte reaksies op prikkels is; dit wil sê 'n mate van interpretasie van prikkels en sekere vorme van sogenoemde "simboliese gedrag". Hierdie "simboliese gedrag" van diere kan egter wesenlik onderskei word van die van mense. Om maar die voorbeeld van taal te noem. Analogieë van emosionele taal word oral in die diereWêreld gevind. Ook by hulle is daar uitinge van vrees, woede, blydskap, ens. maar daar kom nog altyd een element kort wat kenmerkend van menslike taal is. "We find no signs which have an objective reference or meaning."[2] Hier word die kern van die probleem geraak. Die verskil tussen logiese en sinsbouende taal is die ~~verskil~~ grens tussen die mens- en diereWêreld. Nog nêrens is afdoende bewys gelewer dat enige dier al ooit die verskil tussen subjektiewe en objektiewe, tussen emosionele en sinsbouende taal oorbrug het nie. Alle geluide en tekens deur diere gemaak is nog prelinguaal. Selfs die ontwikkeling van sekere"simboliese" prosesse by mensape het hulle nog nie op die drumpel van die menslike wêreld geplaas nie. Hulle is nog maar in 'n "blinde" gang. Wat diere kan maak en in sommige gevalle kan verstaan is tekens maar nie simbole nie. Hierin lê 'n kwalitatiewe verskil: simbole kan nooit na tekens herlei word nie - "a signal is part of the physical world of being, a symbol is part of the human world of meaning."[3]

4. Verskil in intelligensie. Nou verwant met laasgenoemde is die verskil tussen die intelligensie van mense en diere. Die oplossing van probleme deur diere dui baie duidelik daarop dat hierdie oplossing nie altyd die resultaat van probeer-fouteer is nie, maar dat daar in baie gevalle 'n mate van insig en intelligensie is. As intelligensie die aanpassing by die onmiddelike omgewing of die omvorming van die omgewing om aan te pas beteken, dan vind ons by sommige diere 'n betreklike hoë mate van intelligensie en selfs van verbeelding. Hierdie intelligensie is egter glad nie soortgelyk aan die van mense nie. Die dier se verbeelding en intelligensie is altyd prakties en die van die mens simbolies; tussen die twee is daar 'n onoorbrugbare kloof.

Die simboliese denke van die mens verskaf aan hom die materiaal wat hom verder weer in staat stel tot abstrakte denke - denke wat verhoudings blootlê."Without a complex system of symbols, relational thought cannot

10./ arise at all ....

1. E.o.M.,24
2. Ibid,29
3. Ibid, 32.

arise at all, much less reach its full development."[1] Dit wil nie sê dat die dier nie van verhoudings bewus is nie. Die moderne Gestaltsielkunde het aangedui dat selfs die eenvoudigste waarnemingsprosesse fundamentele strukturele elemente en samestellings veronderstel. Hierdie bewuswees van verhoudings verhoudings is dus glad nie tipies menslik nie. Ons vind egter by die mens 'n besondere tipe van "relational thought" wat ons nêrens by diere aantref nie - ook nie iets wat in die minste daarmee ooreenstem nie. Die mens is in staat om verhoudings te isoleer en om hulle in hulle abstrakte betekenis te oordenk. Vir hierdie oordenking is hulle nie afhanklik van enige sensoriese of kinestetiese data nie. Koehler het met sy proefnemings aangetoon dat sy mensape in staat is om van die verhouding van grootte bewus te wees. Na vorige afrigting kies die mensape tussen twee dose kos altyd die grootste, alhoewel die verwerpte in 'n vroeëre proefneming die gekose was omdat dit toe die grootste was. Soortgelyke bekwaamheid om te reageer tot die nader, die blinker en die blouer doos is ook aangetoon. Hier is dus isolasie van kleur los van vorm, van vorm los van kleur, ens. maar dit kom nie verder nie."If there are certain traces of 'distinctio rationis' in the animal world, they are as it were, nipped in the bud. They cannot develop because they do not possess that invaluable and indeed indispensable aid of human speech, of a system of symbols."[2]

<u>5. Verskil in ruimte- en tydsbegrip en aanpassing.</u> Ook waar Cassirer die spesifieke aard wat ruimte en tyd in die menslike ervaring aanneem, ontleed, vind hy 'n radikale en 'n onuitwisbare verskil tussen die ruimte- en tydswaarneming van die mens en die van die dier. Vir hom lê die ruimte- en tydswaarneming op verskillende vlakke. In die laagste vlak word die organiese ruimte en tyd gevind. Elke organisme leef in 'n sekere omgewing en moet hom gedurig by hierdie omgewing aanpas om te kan bly voortbestaan.

By die laer diersoorte vind ons 'n baie effektiewe ruimte- en tydsaanpassing, maar ons kan ~~nie~~ aanvaar dat hulle in hierdie aanpassing met hulle ingewikkelde reaksies geen begrip van ruimte- en tydsverhoudings het nie."Although we are unable to answer all the intricate questions concerning the power of orientation in bees, ants and birds of passage, we can at least give a negative answer. We cannot assume that animals when performing these very complicated reactions are guided by any i d e a t i o n a l processes. On the contrary they seem to be led by bodily impulses of a special kind; they have no mental picture or idea of space, no prospectus of spatial relations."[3]

By die hoër diersoorte vind ons wat ons persepsuele ruimte mag noem. Hierdie ruimte is nie maar net sintuiglike data nie, maar sluit al die verskillende sintuiglike waarnemings soos sien, hoor, ruik, tas, ens. in. Hoedat hierdie verskillende waarnemings tesaam die ruimtebegrip of anders gestel, waarnemingsruimte daarstel, is nog nie heeltemal duidelik nie. Wat egter duidelik is, is dat die hoër diersoorte hierdie ruimtebegrip

11./ met die mens .........

1. E.o.M, 38
2. Ibid, 39
3. Ibid, 43.

met die mens gemeenskaplik het. Wat die organiese ruimte, die ruimte van handeling betref, blyk dit dat die mens verreweg die mindere van die dier is. In sommige gevalle is dit ook waar van persepsuele ruimte.

Hierteenoor het die mens 'n ander gawe wat hy alleen besit naamlik die vermoë om tot 'n begrip van simboliese of abstrakte ruimte te kom. Hierdie begrip baan die weg tot nuwe kennisvelde en 'n nuwe rigting in sy kulturele lewe. Wat hierdie abstrakte of simboliese ruimte is, is nie hier ter sake nie; wat van belang is, is dat hierdie vermoë om tot die begrip van abstrakte ruimte te kom, 'n baie duidelike grens tussen die mens en die dier trek.

Volgens Cassirer vind ons iets soortgelyks wanneer ons die probleem van tyd benader. Die organiese lewe bestaan alleen vir sover dit in tyd ontwikkel. Die organisme is nooit gelokaliseer in 'n enkele moment nie. Die verlede, hede en toekoms vorm hier 'n geheel wat nie in individuele momente opgedeel kan word nie. Die toestand waarin 'n organisme op 'n bepaalde moment verkeer kan nie beskrywe word tensy sy verlede in ag geneem word nie en sonder om te verwys na 'n toekomstige toestand nie. Die bepaalde moment is maar 'n punt in die stroom van 'n gewese toestand na 'n toekomende toestand. Alhoewel die laer organisme in hom die spore van 'n verlede dra, is daar geen bewussyn van so'n verlede as verlede nie.Die laer organismes bewaar sommige spore van hulle vorige ervaring en hierdie spore het 'n bepaalde invloed op hulle latere reaksies. Hier is dus geen sprake van 'n geheue of herinnering in die menslike sin van die woord nie.Herinnering veronderstel 'n proses van identifikasie en herkenning, 'n lokalisering en rangskikking en verwysing na verskillende tydsmomente."Such a location is not possible without conceiving time as a general scheme - as a serial order which comprises all the individual events. The awareness of time necessarily implies the concept of such a serial order corresponding to that other scheme which we call space."[1]

By die hoër diersoorte kry ons ook 'n vorm van geheue, naamlik 'n eenvoudige reproduksie van 'n vroeër gebeure.Dit gaan egter nie oor die feit dat daar 'n geheue by die hoër diersoorte is nie,ook nie oor hoedanig die proses is nie maar wel oor die vorm wat die proses aanneem. Waar dit by die dier 'n flou beeld of kopie van vorige indrukke is, is dit by die mens iets heel anders. By die mens is herinnering nie slegs die herhaling van die verlede nie, maar 'n weergeboorte daarvan. Dit veronderstel 'n skeppende en konstruktiewe proses."It is not enough to pick up isolated data of our past experience; we must really re-collect them, we must organize and synthesize them, and assemble them into focus of thought. It is this kind of recollection which gives us the charachteristic human shape of memory, and distinguishes it from all other phenomena in animal or organic life."[2] Hierdie herinterpretasie van die verlede, die herinnering of simboliese geheue is 'n proses waardeur die mens nie alleen sy vergange ervaring herhaal nie, maar hierdie ervaring heropbou. Hiervoor is verbeelding nodig, wat 'n noodsaaklike faktor in die ware herinnering is. Dit is ook hier waar 'n skerp lyn

12./ tussen die mens.....

1. E.o.M., 51
2. Ibid, 51.

tussen die mens en die dier getrek word.

Dit is ook nie slegs ten opsigte van die verlede wat hierdie verskil hom openbaar nie, maar ook wat die toekoms betref. Die organiese prosesse by die laer diersoorte, die instinktiewe handelinge, dui heel dikwels na 'n verre toekoms maar daar is by hulle geen begrip of bewussyn van die toekoms as sodanig teenwoordig nie.

By die hoër diersoorte is daar wel tekens van so'n bewuswees van toekomstige gebeure en is daar selfs ook beplanning. Maar nes by die verlede is hierdie bewuswees net 'n beeld van dinge wat gaan kom, gebaseer op die ervarings van die verlede. By die mens is dit egter baie meer. Dit is nie slegs 'n beeld nie maar 'n ideaal en dus 'n simbool. Hierdie omvorming van die beeld van die toekoms na 'n ideaal openbaar hom in al die fases van die mens se kulturele lewe. Dit is dus nie alleen 'n voorsiening vir 'n toekoms as sodanig en wat hy van bewus is nie, maar 'n instelling van sy hele kulturele lewe op daardie toekoms; dit gaan baie verder as die perke van sy empiriese lewe. Hierdie profetiese of simboliese toekomssiening is iets waartoe die dier glad nie in staat is nie. In al die proewe en waarnemings wat met diere gemaak is, is daar ook geen bewys van die moontlikheid van so iets nie. Ook hier is daar dus 'n skerp lyn tussen mens en dier.

<u>5. Die mens as kultuurskepper teenoor die dier met sy analoë aktiwiteite.</u> In die tweede deel van sy "An Essay on Man" probeer Cassirer 'n definisie vind van die mens in terme van die menslike kultuur. Hy ondersoek verskillende sektore van die kultuur, te wete mite en godsdiens, taal, kuns, geskiedenis en wetenskap. Waar kultuurskepping iets so heel tipies mensliks is en daar by die dier nie sprake van so iets is nie, is die aanvaarding van die menslike kultuur alreeds 'n erkenning van 'n wesensverskil tussen mens en dier. Omdat Cassirer hierdie kultuur in terme van simbole sien en die dier nie tot simboolvorming in staat is nie, kan die dier nie kultuurskepper word nie.

Die enigste terrein waar daar nog sprake kan wees dat daar iets by die dier is wat met die menslike terrein ooreenstem is die gebied van taal. Die dier maak ook sekere geluide om aan iets uitdrukking te gee en om sekere kennis mee te deel, maar dit is iets heel anders as menslike taal. Waar dit by die dier drangmatige reaksie is wat sy vrees, woede, honger, ens. openbaar, is dit by die mens iets heel anders. Selfs in sy babastadium maak die mens ook geluide maar dit word doelbewus gebruik, en deur die maak van hierdie geluide stel hy sekere eise en hierdeur verkry hy sekere gevraagde resultate. Die taal kry by die mens dus 'n ander struktuur.

In die ontleding van hierdie struktuur merk Cassirer 'n radikale verskil tussen emosionel en sinsbouende taal. Die twee tipes is nie op dieselfde vlak nie en om hulle geneties te verbind, is logies 'n "metabasis eis allo genos". Geen biologiese teorie kon nog ooit hierdie verskil oorbrug nie en geen dier het nog ooit die kloof tussen emosionele en sinsbouende taal oorbrug nie. Die sogenaamde dieretaal bly subjektief

en dit het nog nooit objekte aangedui of beskryf nie. Aan die ander kant is daar ook geen historiese bewys dat die mens, selfs in die laagste stadium van sy ontwikkeling, ooit beperk was tot emosionele taal of die taal van gebare nie.Die onoorbrugbaarheid van hierdie gaping is aan die fundamentele verskil in geesteshouding van mens en dier te wyte. By die eerste begrip van die simbolisme van die taal vind daar 'n totale ommekeer plaas in die geesteshouding van die mens. "Roughly speaking, this change may be described by saying that the child passes from a mere subjective state, from a merely emotional attitude to a theoretical attitude."[1] Die dier vorder nooit verder as hierdie subjektiewe en emosionele toestand nie.

7. Mense- en dieregemeenskappe. Ten slotte is daar 'n wesenlike verskil ten opsigte van die plek wat die mens of die dier inneem in die mense- of dieregemeenskap. In die eerste plek is daar by die dier slegs gemeenskaplike handelinge, terwyl daar by die mens ook gemeenskap van denke en gevoel is. Anders gestel, die mens het 'n sosiale bewussyn wat hy in sy kulturele lewe ontwikkel. In die tweede plek is dit 'n bewese feit dat baie van die handelinge wat in dieregemeenskappe uitgevoer word, die menslike handelinge ver oortref. By die dier is daar egter geen indivuduele differensiasie nie want die handelinge van die verskillende diere word volgens dieselfde patroon uitgevoer en daar is geen ruimte vir persoonlike keuse of bekwaamheid nie. By die mens is dit net andersom. Ten derde, alhoewel ons by die hoër diersoorte individualiteit en trappe van individuele bekwaamheid en vermoë bemerk, het dit tog geen betrekking op die algemene struktuur van die dierelewe nie. Geen verworwe bekwaamheid of prestasie van die individuele diere is oordraagbaar nie; dit bly beperk tot die individu se bestaan. By die mens is dit anders, want juis hierin lê een van die kardinale punte van verskil tussen mens en dier. Die mens het 'n weg gevind om sy werke te stabiliseer en te propageer. In sy bestaan gee die mens uitdrukking van sy lewe."He cannot live his life without expressing his life."[2] Hierdie uitdrukkingsvorme (kultuur) het 'n simboliese lewe van hulle eie, 'n voortdurendheid en bestendigheid wat nie gekoppel is aan die enkeling se bestaan nie.

## HOOFSTUK 3 DIE SIMBOOL

1. Inleiding. Soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, is die mens volgens Cassirer meer en anders as net 'n dier. Van die basiese verskille wat hy ontleed, is dat die mens 'n animal symbolicum is of, anders gestel, 'n simboolvormende of simboolskeppende wese. Hierdie vermoë van hom om simbole te kan skep plaas hom in 'n ander en breër dimensie van werklikheid. Hy ken die werklikheid alleen deur middel van hierdie simbole wat hy skep. Waar in die geval van ander organismes 'n direkte reaksie op 'n stimulus volg, is by die mens die antwoord vertraag en onderbreek deur 'n stadige en ingewikkelde geestesproses. Alhoewel dit skyn asof hier 'n agteruitgang is, is daar geen verhaal aan nie."Man cannot



1. E.o.M., 131
2. Ibid, 224.